



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD,
VIRTUEEL GEHOU OP DONDERDAG, 11 MAART 2021 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Maart, E S M (DA)

Matthyse, S E (EFF)

McQuire, V D (DA)

O'Kennedy, E C (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare. Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan verteenwoordigers van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal en die media.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op die versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle F S Humphreys, C H Papers en N S Zatu.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 JANUARIE 2021

BESLUIT

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat die/...

4.1/...

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Januarie 2021 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. SAKE VIR BESPREKING

5.1 (1) VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2019/2020 FINANSIËLE JAAR; (2) MAGTIGING VAN ONGEMAGTIGDE UITGAWES SOOS OPENBAAR IN DIE GEOUDITEERDE 2019/2020 FINANSIËLE STATE EN WYSIGING VAN DIE SUB-DELEGASIES VAN DIE HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE (7/1/1/1)

Die 2019 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge Artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) – MFMA.

Munisipaliteite is egter ingevolge Goewermentskennisgewing 851 gedateer 5 Augustus 2020 vrygestel om vir die 2019/2020 finansiële jaar aan die tydsraamwerke ingevolge die MFMA te voldoen, en is 'n twee maande grasietydperk verleen.

Die konsep jaarverslag is apart tot die sakelys aan alle raadslede gesirkuleer.

Rdl D Philander, namens die ANC, hou die kommentaar op die konsep jaarverslag voor, waarop die Speaker versoek dat die kommentaar op skrif gestel moet word en teen Dinsdag, 13 April 2021 om 12:00 by die Munisipale Bestuurder ingehandig moet word.

Insette wat gedurende die publieke deelnameproses op die konsep jaarverslag ontvang word, sal in die Oorsigverslag vervat word vir bespreking tydens die raadsvergadering op 29 April 2021.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2019/2020 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;
- (b) Dat die ongemagtigde uitgawe van R1 107 201 vir die 2019/2020 finansiële jaar gemagtig word in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet gegewe die feit dat die halfjaarlikse aansuiwerings-begrotingsproses reeds in Januarie 2021 afgehandel is gegewe die tydstop van die regulatoriese oudit (sien die bevestigende e-pos van Provinsiale Tesourie in hierdie verband soos per Aanhangsel C);
- (c) Dat daar kennis geneem word van die wysigings van die Hoof Finansiële Beampte se delegasies in terme van sy delegerende bevoegdheid, soos voorgelê in Aanhangsel B tot hierdie verslag, met betrekking tot verkrygingsbestuur;
- (d) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
 - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
 - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om verhoër daaromtrent te rig;
 - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 29 April 2021 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
 - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (e) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:

- (i) die eksterne finansiële ouditkomitee;
 - (ii) twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;
- (f) Dat die twee verteenwoordigers van wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die raadsvergadering op 29 April 2021 by te woon;
- (g) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 29 April 2021.

**GETEKEN:
SPEAKER**